Verwysing: 20171010-5653
11/1/4/1
Navrae: Dr PAD Beets

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0002/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Distriksdirekteure en Prinsipale van hoër, gekombineerde en onafhanklike skole

Onderwerp: Die Burger Jeugleierskonferensie: 8 tot 14 Desember 2017

1. Die Burger, in samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), sal weer die 59ste jaarlikse Jeugleierskonferensie aanbied vanaf 8 tot 14 Desember 2017 by Die Burger Strandhuis in Muizenberg, Kaapstad.

2. Skole word uitgenooi om die voorsitter en/of ondervoorsitter van die Verteenwoordigende Raad van Leerders vir 2018 te nomineer. Vyftig (50) jeugleiers (25 seuns en 25 meisies) sal gekeur word vanuit die aansoeke volgens die kriteria wat in die aangehegte nominasievorm aangedui word.

3. Die voertaal van die konferensie is Afrikaans (die taal van Die Burger koerant), maar kandidate van alle taalgroepe sal vir keuring oorweeg word.

4. Daar sal van gekose jeugleiers verwag word om die konferensie voltyds vanaf Vrydag 8 Desember tot Donderdag 14 Desember 2017 by te woon.

5. Die aangehegte nominasievorm moet volledig ingevul word en, waar nodig, moet toepaslike inligting ter stawing van die aansoek verskaf word.

6. Die voltooide aansoekvorm moet geskandeer en via e-pos ingedien word teen **31 Oktober 2017** en aan Me T Cronje by Tracy.Cronje@westerncape.gov.za gestuur word.

7. Die WKOD nooi alle skole uit om gepaste kandidate vir hierdie prestigeryke konferensie te nomineer.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-10-10